Hê Geloof In God

. . .?. . . eendag. En ver terug voor daar enige lig op die aarde was, het ons liggame in hierdie stof gelê. Ons is gemaak uit die stof, uit die kalium, en kalsium, en petroleum, en kosmiese lig. God het die Groot Heilige Gees uitgestuur om oor die aarde te broei, en soos Hy gebroei het, het die blommetjies begin kom, en die voëls het uitgevlieg, en diere het uit die aarde gekom.

2 En toe het 'n mens gekom, en hy het gesondig en homself geskei van die gemeenskap van sy God. En as gevolg van hierdie verskriklike ding, is hy deur God beveel om terug te keer na die stof van die aarde. Maar, O Here God, ons is so bly dat, voordat hy terugkeer, U 'n Verlosser belowe het.

3 En vandag, vandat Hy gekom het en weer die Heilige Gees uitgestuur het, en nou broei Hy steeds oor die stof, ons liggame, en as Hy my opgewek het, en my gebring het na wat ek nou is, sonder om 'n keuse te hê, hoeveel te meer sal Hy ons oprig uit die stof van die aarde, nadat ons 'n keuse gemaak het, en Hy het vir ons gebroei, en ons broei terug na Hom? Ons het Hom lief.

4 Ons het die blye versekering dat hierdie vuil liggame eendag verander sal word en gemaak word soos Sy Eie verheerlikte liggaam, waardeur Hy in staat is om alle dinge aan Homself te onderwerp.

5 Ons wil vanaand vra, dat Hy weer sou kom en oor hierdie mense broei, Sy Gees sou uitstuur in elke hart, sonde, en siekte veroordeel, en mense tot 'n besef bring dat hulle hier is vir 'n doel. En daardie doel is nie net om huise te bou, en wingerde te plant, in motors te ry, en goeie klere aan te trek, en kerke toe te gaan nie, maar dit is om Hom te aanbid. En mag ons vanaand, met alles wat in ons is, Hom aanbid in die Gees en in die waarheid. Skenk dit, Here.

6 En wanneer ons vanaand vertrek om na ons verskillende huise toe te gaan, mag ons langs die pad sê soos daardie twee wat van Emmáüs af gekom het: "Was ons harte nie brandende in ons, toe Hy met ons gepraat het langs die pad nie?" Want ons vra dit, in Sy Naam, en tot Sy eer. Amen.

7 Mag maar sit. Dit was, inderdaad, 'n groot voorreg om hier te wees in hierdie wonderlike, klein stadjie, en om te preek in die Naam van die Here, en om gemeenskap te hou met die verskillendes wat ons ontmoet het. En hierdie liewe pastoor, Broer Ball, dink ek is sy naam, waarmee ek hand geskud het op die platvorm, ek wil sê dat ek glo hy het alles gedoen wat in sy menslike krag lê om die diens 'n sukses te maak vir julle mense.

8 En julle behoort so 'n prediker te waardeer, en met al hierdie ander predikers wat hulle name hierop het, hulle kerke, wat,

miskien, verdaag het, en saamwerk in hierdie dienste, tog, sonder om my te ken, en net deur geloof, en te glo, het julle dit gedoen. En ek bid dat God julle ryklik en oorvloediglik sal seën vir elke poging wat julle aangewend het.

9 En nou, ons is hartseer dat ons moet vertrek, net hierdie twee aande, ons gaan af na 'n plek met die naam van Everett, ek dink, in julle lieflike staat van Massachusetts, en daar, van daar af tot by Maine. Dan naderhand, binne 'n paar weke, sal ek oorsee gaan na Afrika, Indië; daarin, skynbaar, het my bediening 'n groter impak.

10 Die Amerikaanse mense ontvang dit nie te goed nie, want Amerika is 'n intellektuele volk, mense wat hulle gedagtes gebaseer het op die psigiese kant van sielkunde, en intellektueel, en wat hulle oë kan sien, pragtige geboue, en groot, gesofistikeerde, opgeleide predikers, wat geleerdheid het, en so meer, en volgens die Bonatuurlike, is hulle baie skepties, en dis om die Skrif te vervul.

11 In Afrika, het ek een middag dertigduisend kombersheidene, met afgode in hulle arms, Jesus Christus sien aanvaar as persoonlike Verlosser, dertigduisend, gemerkte heidene.

12 Bombaai, Indië met die Mohammedane, en Boeddhiste, Djaine, Sikhs, ensovoorts, dit was net, jy kon hulle nie tel nie, dit is geskat dat daar omtrent 'n halfmiljoen was, omdat 'n blinde man sy sig ontvang het by die platvorm. En in Afrika was 'n man, gelei met 'n ketting, soos 'n kraag om sy nek, soos 'n hond, nie eers by sy volle verstand nie, volmaak en normaal wat in die kamer gestaan het voor die mense, of, die—die renbaan.

13 Die Amerikaanse mense sien selfs groter as dit, ek praat nie van julle wedergebore Christene nie, hulle gaan rond en sê: "Wel, dis een of ander soort hipnotisme. Dis 'n—dis miskien 'n —'n telepatie, of iets."

14 Geen wonder die gewere is op ons gerig vir oordeel nie; ons kan nie oordeel ontsnap nie. Ek het dit gesê, en ek sê dit nie om ontheiligend te wees, of om anders te wees nie: "Maar as God hierdie volk laat wegkom met die sonde wat dit doen, sou Hy Sodom en Gomorra moes oprig en om verskoning vra dat Hy hulle verbrand het." Dis reg. God moet dieselfde bly. Hy het die sondaar lief, maar Hy haat sonde. En Hy's regverdig, en Hy's soewerein, en Hy moet sonde veroordeel.

15 So, soos ons volk voortdurend in sonde wandel, Billy Grahams, Oral Roberts, Jack Shulers, ander wat deur die nasie gaan met groot treffende herlewings, hulle hou aan. . . Sonde is aan die marsjeer.

16 Jy kan hulle nie sê nie, want die duiwel het die volk oorgeneem. Dit het 'n paar jaar gelede na ons toe gekom, hy het in Parys gelewe, die duiwel en sy engele, en hulle het die eerste wêreldoorlog gehad, en Duitsland sou die nasie onder die aarde

laat sink het, maar ons het oorgegaan om hulle te help, en sodra dit verby was, was dit weer terug in wyn, vroue, en lekker tyd. Toe het Satan sy patrone hiernatoe gestuur, ons vroue uitgetrek, skande oor ons volk gebring, deur die patrone en modes, toe het hy net sy leër geneem en in Hollywood geland.

17 Baie van julle mense wou nie julle kinders na rolprente laat gaan en sulke goed laat kyk nie, die duiwel is 'n slim man, hy bring dit reguit in op televisie, sodat julle seker kan wees julle kry dit. En vandag, bly mense tuis van bidure, en groot godsdienstige byeenkomste, want hulle wil *Ons Is Lief Vir Susie* kyk, of so-iets, of Elvis Presley in 'n ruk-en-rol, dis die naakte waarheid.

18 God se toorn is teen die nasie aangesteek, en jy gaan straf en oordeel ontvang. Skryf dit in die skutblad van julle Bybel en sê dat Broer Branham so gesê het. As dit nie gebeur nie, is ek 'n valse profeet, want ek het SO SPREEK DIE HERE.

19 So julle het daardie toorn ontsnap. Daar's net een manier om. . . Ek het opgelet op julle strate, en hierrond, het julle die bomskuilings, sal julle niks help nie. Wat sou gebeur dat 'n bom wat 'n gat in die grond kan skiet honderd vyf-en-sewentig voet diep, vir drie vierkante myle? Wat as jy vyfhonderd voet onder in die grond was? Dit sou so 'n skudding wees dat daar nie 'n been in jou sou oor wees nie.

20 Maar ek rig julle vanaand na 'n ware bomskuiling, jy grawe nie in die aarde nie, dis gemaak van vere: onder Sy vlerke, dis die ware bomskuiling. Vlug vanaand van die toorn wat sal kom. En onthou, hierdie dienste is gerig aan geen sekere organisasie nie, daardie dag van stryery is verby, God roep Sy Kerk, Sy mense. En die woord *kerk* beteken: "uitgeroeptes."

21 God seën julle predikers en julle mense. En ek vertrou dat ons klein, twee-aand verblyf so 'n resultaat sal bewys te wees, dat daar 'n outydse herlewing deur hierdie land sal breek wat die waters sal sein, totdat die laaste eetbare vis uitgehaal is vir die Koninkryk van God, dis is my gebed.

22 Billy het my daar ontmoet net 'n oomblik gelede, en hy het gesê: "Pappa, hulle het 'n liefdesoffer vir jou opgeneem." Was nie nodig nie. Ek vat nie geld nie, en het nooit self nog nooit in my lewe 'n offerande opgeneem nie, maar ek moet geld hê om te bestaan. My. . . Ek het my bediening baie nederig gehou, sodat daar nie enige groot onkoste daaraan verbonde sou wees nie. My uitgawes beloop net omtrent 'n honderd dollar per dag by die huis, klein kantoor.

23 Nou, julle sê: "Dit mag baie geld wees."

24 Wat bestuur Broer Roberts 'n dag, Oral Roberts? Iewers tussen sewe- en tienduisend; Billy Graham s'n sal dit verdubbel. Maar my bediening vereis partymaal dat ek 'n diens gaan hou waar daar net 'n kerk is wat twintig mense sou huisves, as die Heilige Gees roep; dan kan ek na 'n plek toe gaan waar ons

miljoene kan hê, indien nodig, dan borg iemand dit en betaal daarvoor.

25 So ek lewe net stil en nederig, en dien die Here. En ek dank julle vir die offerande, wat dit ook al is, dit sal na die Koninkryk van God toe gaan, na die beste van my wete. Julle geld wat julle ingesit het, ek is nou die rentmeester daarvan as 'n getuie van Christus, en ek bid dat Hy julle daarvoor sal seën. Ek sal die beste doen wat ek kan om toe te sien dat dit na die Koninkryk van God toe gaan.

26 Ons hoop om eendag weer terug te wees by julle, as dit vir God welgevallig blyk—blyk te wees, en die wil van hierdie kerk, en mense is.

27 Nou, bid vir ons soos ons na die veld toe gaan, ek probeer altyd die mense vra . . . Nou, daar oorkant, dis nie soos dit hier is nie, net sodra jy iets noem, toordokters en alles is op 'n uitdaging. Ek het nog nooit 'n tyd gesien, dat God nie altyd die oorwinning behaal het, uitgekom het en duisende siele gered is nie, toordokters bekeer, ensovoorts, wanneer dit gebeur. Bid julle vir my.

28 Nou, voor ons hierdie Woord oopmaak, laat ons net nog 'n woord van gebed hê.

29 Here God, manne wat in staat is om hulle hande te beweeg, kon die buiteblaaie van die Bybel oopmaak, maar die Heilige Gees sal hierdie Woord moet interpreteer. So ons vra dat Sy groot Teenwoordigheid sal kom, en die lippe sal salf wat spreek, en die ore wat hoor. Skenk dit, Here. Want ons vra dit, in Jesus' Naam, dat ons gemeenskap mag hê rondom die Woord. Amen.

30 In die Boek van Markus, die 11de hoofstuk, wil ek graag die 20ste vers lees:

> *En in die oggend, soos hulle verbygegaan het, het hulle die vyeboom sien verdroog van die wortels af.*
>
> *En Petrus het onthou en vir hom* gesê, *Meester, kyk, die vyeboom wat u* vervloek het, *is verdroog.*
>
> *En Jesus antwoord en* sê *vir hulle, Julle moet geloof in God hê.*

31 En dis my teks net vir 'n paar oomblikke, en ons is laat, maar ek wil nie hê julle moet daaraan dink nie, kry dit uit julle gedagtes net vir hierdie tyd. Ons . . . Miskien ons laaste keer, sal baie van ons, ooit saam ontmoet op aarde. So laat ons aandag skenk aan Sy Woord, en soos ek probeer, met Sy hulp, om hierdie teksie te neem vir net 'n paar oomblikke: *Hê Geloof In God.*

32 Jy mag sê: "Broer Branham, dis 'n—'n baie klein teksie."

33 Maar dit is nie die grootte daarvan nie, dis wat dit beteken. Dis genoeg Skrif om die hele wêreld te red, en om elke siek

persoon in die wêreld te genees, Jesus weer terug te bring aarde toe.

34 En ek het 'n tyd gelede aangehaal in een van die dienste, van 'n klein seuntjie waarvan ek geweet het in 'n sekere stad, wat rondgeskarrel het in 'n solderkamer, en hy het in hierdie ou dakkamer, of solder, 'n ou trommel gekry, en met die grawe in die trommel, het hy 'n klein, geel posseëltjie daarin gevind, dit was geel van ouderdom. En hy het dit oorkant na sy seëlversamelaar toe geneem, en hy het gesê: "Hoeveel sal jy vir my gee vir hierdie seël?" Wel, hy het vyf of tien sent verwag, met miskien 'n roomyshorinkie in sy gedagte.

Hy het gesê, dit deurgekyk, die versamelaar, en hy het geweet dit was 'n waardevolle seël, so hy het gesê: "Ek sal vir jou 'n dollarnoot daarvoor gee."

35 Wel, dit was 'n goeie, vinnige transaksie vir die seuntjie. Hy het die dollar gevat, die seëlversamelaar het die seël geneem, en daar het hy met die straat afgegaan vir sy roomys.

36 En die seëlversamelaar begin werk op die seël. 'n Paar weke later, het hy dit verkoop vir vyfhonderd dollar, en toe 'n bietjie daarna, is dit verkoop vir omtrent drieduisend dollar, en nou sê hulle dis 'n kwartmiljoen dollar werd.

37 Julle sien, dit was nie die klein, geel papiertjie nie, want jy sou dit nie eens opgetel het as dit op straat was nie, maar wat dit so waardevol gemaak het, was wat geskryf is op daardie klein, geel papiertjie.

38 En dis hoe dit is met hierdie vanaand, dis net 'n stuk papier, nie baie waardevolle papier nie, maar dis wat daarop geskryf is wat soveel waarde is, want Dit is die Woord van God. En die hele Hemele en aarde sal verbygaan, maar daardie Woord sal nooit verbygaan nie.

39 'n Man is net so goed soos sy woord, jy's net so goed soos jou woord, ek's net so goed soos my woord. As ek nie jou woord kan vat nie, wil ek niks met jou te doen hê nie, ek wil hê jy moet dieselfde wees vir my; en ons moet dieselfde wees met God. As Hy nie Sy Woord kan hou nie, dan wil ek weet Wie God is wat Sy Woord kan hou.

40 So, Hy het gesê: "Hê geloof in God," so klein. Geloof, wel, dis die gewoonste ding wat daar is. Jy kan nie eens 'n slukkie water sonder geloof kry nie, jy kan nie na hierdie diens toe kom sonder geloof nie, jy kan nie jou vinger beweeg sonder geloof nie. Daar word gesê in die Skrif dat wanneer hulle die bloed aan die bodrumpel van die deur gesit het vir die pasga in Egipte, dit met hissop aangebring is. Weet julle wat hissop is? Hissop is gewone onkruid, jy kan dit net enige plek vind. En dis hoe die Bloed aangewend moet word aan die hart se deur vanaand, is deur iets alledaags: geloof.

41 Ons probeer dit uitdruk en dit iets maak wat niemand 'n houvas kan kry nie, dis so eenvoudig, dat jy daar bo-oor gaan, dit te probeer vind. "Geloof is die vaste vertroue van die dinge waarop gehoop word, die bewys van die dinge wat ons nie sien nie," het die skrywer van Hebreërs die 11de hoofstuk, 1ste vers, gesê.

42 Nou, dit is die vaste vertroue van dinge waarop gehoop word. Nou, dis nie net verbeelding nie, dis iets wat jy het. Byvoorbeeld, as ek doodgegaan het van die honger, en jy het na my toe gekom, en jy het gesê: "Wat sal jou lewe red?"

Ek sou vir jou sê: "Een brood."

En jy sou sê: "Mnr. Branham, hier is vyf-en-twintig sent." Daardie vyf-en-twintig sent is die koopprys van 'n brood.

43 Wel, toe ek daardie vyf-en-twintig sent gekry het, kon ek juig, jy het vir my die koopprys van die brood gegee. Nou, ek het nie die brood nie, die vyf-en-twintig sent is nie die brood nie, maar dit is die koopprys van die brood, en wanneer ek die koopprys het, is dit net so goed as om die brood te hê.

44 Nou, dis hoe dit is met geloof. Mense kyk af, sê: "Ek het nie genoeg geloof vir my kreupel hand nie." As jy geloof gehad het, sou jy nie eers na jou kreupel hand gekyk het nie. Sien, geloof is die vaste vertroue van dinge waarop gehoop word.

45 Nou, ek kan net so gelukkig wees met die vyf-en-twintig sent, as wat ek kan wees met die brood, want ek het die ding wat die brood koop, en sodra ek by die mark kom, het ek 'n brood. En geloof is die ding wat my genesing bring, en maak nie saak hoe lank dit my neem om by daardie plek te kom nie, ek het die geloof wat dit gaan doen sodra ek daar kom. Begryp julle dit?

46 Nou, ek kan net so bly wees oor die vyf-en-twintig sent, as wat ek kan oor die brood. En wanneer jy, diep in jou hart, glo dat God jou genees het, net so—net so werklik as wat jy glo jy het krag om by daardie deur uit te stap, of net so goed soos die sig, sintuig van sig sê daardie hemp is wit, dis klaar, is daar niks wat dit van jou kan wegneem nie, want dit het verder as intellektueel gegaan, gaan na jou hart toe, dis ware geloof.

47 Nou, gaan hierdie brood kry, ek moet dalk oor doringbosse gaan, en af oor brûe, en strome oorsteek, en teen die heuwel op, maar die heeltyd wat ek gaan, sal ek met my hele hart skree, my vyf-en-twintig sent regop hou, want ek is op my pad vir die brood.

48 En as Christus aan my openbaar vanaand dat ek genees is, kan ek net soveel juig as wat ek op-en-af op die vloer kan spring, maak nie saak of ek steeds kreupel is, óf of ek steeds siek is nie, my kop is steeds seer, of wat daarvan, ek is net so bly, want ek is op my pad met die koopprys; dis geloof. Jesus het gesê: "Hê geloof in God." Let op hoe lewensbelangrik!

49 Maar nou, sê julle: "My geloof is klein, en ek is seker God sal nie my geloof oplet nie, dis te klein."

50 Hy het gesê: "As jy die geloof het die grootte van 'n mosterdsaad," wat die kleinste van al die sade is, maar om self 'n boer te wees, en om boerdery te bestudeer, mosterdsaad is een saad wat met geen ander saad sal meng nie, dis alles mosterd, en dit gaan mosterd bly. En jy mag dalk nie genoeg geloof hê om 'n wonderwerk met jou gedoen te hê nie, en as jy net mosterdsaadgeloof het, bly daarby, dit sal jou na die Lig lei, en dit sal met niks anders meng nie. Maak nie saak wat enigiemand sê nie, jy glo dit steeds. Maak nie saak wat jou simptome sê nie, jy glo dit steeds, want dis ware geloof, en sal nie êrens met twyfel meng nie, mosterdsaadgeloof. En God erken daardie bietjie geloof wat jy het.

51 Hier nie lank gelede nie in Kanada, het oorlede Koning George in die straat afgekom. En 'n vriend van my, Mnr. Baxter, soos hy op straat gestaan het en die parade dopgehou het. . . . En die skole het almal uitgekom, en hulle het vir die kindertjies klein vlae van Brittanje gegee om vir die koning te waai soos hy verbygegaan het. En toe die koning verbygegaan het, het die kindertjies gesing *God Red die Koning*, wat hulle klein vlae gewaai het. Na die optog verby was, het die kleintjies teruggekeer na hulle skole.

52 En in een sekere skool in Brits-Columbië, Vancouver, was daar 'n dogtertjie wat nie teruggekom het nie. En die onderwyseres was ontsteld, en sy het uitgehardloop in die strate en begin soek na die dogtertjie: "Waar kan sy wees?" En naderhand, het hulle haar gekry waar sy teen 'n telegraafpaal leun en haar hartjie uithuil. En die onderwyseres het haar in die arms opgetel, en sy het gesê: "Seën jou, skat! Hoekom huil jy?" En die dogtertjie, wat *so* gesnik het, sy kon nie eens vir die onderwyseres sê nie, haar hartjie was gebreek. En die onderwyseres het gesê: "Het jy nie die koning gesien nie?"

Sy het gesê: "Ja, ek het die koning gesien."

"Het jy jou vlag gewaai?"

"Ja, ek het die vlag gewaai."

"En het jy gesing, *God Red die Koning*?"

Sy het gesê: "Ek het aangesluit by die res van hulle, gesing, *God Red die Koning*."

"En die koning het hier verbygegaan?"

"Ja."

"En jy het hom gesien?"

"Ja."

"Wel, waarom huil jy?"

Sy het gesê: "Juffrou, die rede waarom ek huil, ek het die koning gesien, maar ek was te klein, hy het my nie gesien nie."

53 Dis nie so met Jesus nie, maak nie saak hoe klein jy is, of hoe klein jou geloof is nie, wuif dit net, Hy sal dit net so goed sien as wat Hy die ander se geloof sien. O, dit maak Hom so lieflik, so werklik. Maak nie saak hoe klein, wat jy Hom ook al aanbied nie, Hy's gereed om dit te ontvang.

54 En dan nog iets, geloof werk baie deur ondervinding, of, mag ek dit verander en dit so sê: Ondervinding vergesel geloof. Gewoonlik as jy 'n ondervinding gehad het, sal dit 'n groot hulp vir jou geloof wees.

55 Eenkeer toe Israel uitgeroep is na die stryd, en die, teen die Filistyne, en die leërs vergader het met 'n vallei tussen hulle, en die Filistyn, soos die moderne wêreld, wanneer hulle dink hulle het iets oor jou, hou hulle daarvan om daaroor te blaas, soos ons dit in die suide noem, soos die straat uitdrukking, soort van stoom afblaas oor dit. "Die dae van wonderwerke is verby. Daar's glad nie so-iets soos Goddelike genesing nie. Ons is die grootste kerk wat daar in die stad is, al ons rituele beweer dat daardie dinge weg is." Maar die Bybel sê dat hulle werklik is. So raak ontslae van jou ritueel.

56 En so, het hulle 'n groot uitdager gehad met die naam van Goliat, wat was, o, hy was soos 'n prehistoriese reus. Sy groot vingers was veertien duim lank, sê die Bybel: en sy spies was soos 'n wewersbalk, miskien so lank soos van hier tot teen die muur. Nou, wat sou 'n gewone man doen met so 'n man soos daardie in die stryd? En miskien, baiekeer groter as 'n yslike groot man, miskien agt of tien keer groter.

57 En nou, toe hulle gesien het hulle het so 'n man, het hy 'n voorstel met hulle gemaak, hy het uitgestap, (En julle weet, sonde is so bedrieglik, en ongeloof is sonde, en ongeloof is so bedrieglik, dit speel baie onskuldige toertjies op jou.), so hy stap uit en hy het gesê: "Ons behoort nie enige bloedvergieting te hê nie. Ons . . . " ("Net sodat jy by die kerk aansluit, dis al wat nodig is.") "Ons behoort nie enige bloedvergieting te hê nie, laat ons 'n voorstel maak: Jy kies vir jou 'n man uit jou leër uit, en laat hom met my kom veg, en as ek hom doodmaak, dan dien julle ons almal; en as hy my doodmaak, sal ons julle dien."

58 Sekerlik, toe hulle die oormag gekry het soos daardie. En elke man in Israel se hart het flou geword, want hulle het gedink, miskien sou hy geroep word om op die uitdaging te gaan. Maar van die koning af ondertoe, was elkeen van hulle bang.

59 So die groot reus sou daagliks uitkom en homself blaas: "Waarom kom jy nie soontoe, en laat ons dit net afhandel nie?"

60 Niemand het beweeg nie. En as daar enige man in die groep was wat in staat was om dit te doen, was dit Saul, die koning, die eerste ding, hy was, die Skrif het gesê hy was kop en skouers

bo sy leër, enige man in die leër, hy het sy kop en skouers bo hom gemeet. En hy was 'n kryger, hy was goed opgelei, hy het manne opgelei om met die spies te veg. O, as daar enige man is wat opgelei was, en—en skynbaar, menslik gesproke, in staat, was dit Saul.

61 Net soos vandag, as daar enige persoon is wat opgelei behoort te wees vir Goddelike genesing, en die krag van God te verkondig, behoort dit hierdie kweekskole en skole te wees, maar gewoonlik die grootste lafaards wat ons het.

62 O, hulle behoort die Woord te ken, hulle behoort God se krag te ken, maar baie van hulle draai om, weet niks meer van God af, as wat 'n Hottentot weet van 'n Egiptiese nag nie. Ek probeer nie slim optree nie, ek verklaar net 'n feit. En ek—ek dink dat die skole en kolleges in orde is, maar jy kan nie daarby stilstaan nie. En baiekeer, is dit waarom ons preekstoele so swak is vandag, en God nie glo nie, en nie geloof vir die hele versoening leer nie, is omdat hulle uitgebroei is in so 'n plek soos daardie.

63 'n Kweekskoolprediker het my altyd herinner aan 'n broeikashoender. Julle weet, 'n klein broeikashoendertjie, hy is goed gebore, maar hy's net "*Tjirp*, *tjirp*, *tjirp*," en het geen mamma om na toe te gaan nie. Dit herinner my net, hulle sal skree, en aangaan, en niks meer van God af weet nie, want al wat hulle ken is die skool. Ek sou graag 'n man wou hê al het hy nie die verskil tussen gesplete boontjies en koffie geken nie, en het vir God geken as 'n doop van die Heilige Gees, en gevul is met Sy heerlikheid en krag, as al die geleerdheid wat jy in 'n man kan kolk en nie vir God ken nie.

64 Dis waarom ons preekstoele swak is, omdat ons sê: "Die dae van wonderwerke is verby." Kyk waar ons mamma is, dis 'n meganiese broeikas wat uitgebroei is by die dosyne.

65 Let op, en Saul was bang met al sy opleiding, en die bestoegeruste man om dit te doen, maar hy was bang om dit te doen. Hoekom? Hy het nooit veel ondervinding gehad nie. Hy het geweet dit het meer geneem as om te weet hoe om 'n spies te beweeg. En tog, was hulle die leërs van die Lewende God.

66 En vandag verteenwoordig ons preekstoele en ons kweekskole, die leërs van die Lewende God.

67 Maar eendag, soos God dit altyd het, het daar 'n klein, rooierige, knopperige kêreltjie gekom, wat 'n bietjie ondervinding gehad het. Sy pappa het vir hom 'n paar koekies gegee, en vir hom gesê om uit te gaan na die leër toe, om sy broers te sien. Hy was te klein en jonk om in die leër te wees. Die Bybel het gesê hy was rooi, wat 'n klein, opgetrekte soort kêreltjie beteken. En sy naam was Dawid. En hier het hy oorkant op die heuwel verskyn, en Goliat het sy uitdaging op die verkeerde tyd gemaak, daar was 'n man van God in die kamp.

68 So hy mag dalk nie sy kraag agteroor gehad het, of—of iets nie, hy mag dalk nie 'n Ph.D. of D.D. gehad het nie, maar hy het een of ander ondervinding van God geken. En hy het sy klein, skaapveljassie aangehad, hy het geen wapenrusting en swaard gehad nie. Maar hy het net daar opgestap, en Goliat het uitgekom, en sy groot slag gegee, "Die dae van wonderwerke is verby, daar's glad nie so-iets nie!"

69 Dawid het gesê: "Wil julle vir my sê dat julle manne wat opgelei is, daar sal staan, en daardie groot boelie, onbesnede Filistyn, die leërs van die lewende God laat uitdaag?" Wel, die moed van daardie klein, knopperige kêreltjie! En dit het by die koning uitgekom. Hy het gesê: "Ek sal teen hom gaan veg!"

70 O, hulle het gedink: "Daardie seun is dwaas. Hy het geen geleerdheid nie, hy het geen geleerdheid nie, hy weet nie wat 'n swaard beteken nie, hy weet nie wat 'n wapenrusting beteken nie. Hy het nie 'n Ph.D., of D.D., enigeen nie. So wat op aarde kan hy doen?"

So dit het by die koning, die biskop uitgekom, so hy het gesê: "Ek bewonder jou moed, maar ek glo nie jy kan dit doen nie."

Hy het gesê: "Kyk, Koning . . . "

Koning het gesê: "Wel, as jy wil gaan, sal ek vir jou 'n geleerdheid gee, ek sal 'n swaard in jou hand sit, my wapenrusting vir jou aantrek."

71 So Dawid het gestaan en wonder, en hulle het hom 'n Baccalaureus Artium graad gegee, en hulle het hom 'n D.D. gegee, en hulle het Saul se wapenrusting gevat en dit op hom geplaas. Die arme klein outjie was oorlaai tot op die grond.

72 Hy het gesê: "Haal hierdie goed van my af!" Dis goed vir predikers. "Haal hierdie goed van my af, Ek weet niks van hoe jy kan sê: '*Ah-men*,' en praat van een of ander soort teologie, Ek weet niks daarvan af nie, ek is nog nooit daarvoor opgelei nie. Maar daar's een ding wat ek wel weet, dat daar oorkant op die agterkant van die heuwel, het ek my pa se skape opgepas, en 'n beer het ingehardloop en een gevang, en ek het hierdie ou slingervelletjie geneem, en hom platgetrek daarmee. En 'n leeu het ingekom en een gevang, en ek het hom platgetrek, hy het opgestaan, en ek het 'n swaard gevat en hom doodgemaak. En die God wat my verlos het uit hulle pote, hoeveel te meer sal Hy my verlos uit daardie onbesnede Filistyn?"

73 Saul het uitgevind dat sy kerkbaadjie nie 'n man van God gepas het nie. Hy het gesê: "Ek weet niks daarvan af nie, maar laat my gaan met iets waarmee ek 'n bietjie ondervinding gehad het." Geseënd sy die Naam van die Here!

74 Wat die bediening vanaand nodig het, is nie soveel B.A.'s of D.D.'s nie, maar dis 'n ondervinding van die doop van die Heilige

Gees wat lewe in die man plaas, en hom geloof gee in 'n Lewende God wat nie verander nie, 'n ondervinding.

75 Moses was geleer in al die wysheid van die Egiptenare, en hy het veertig jaar van onderrigting onder sy moeder gehad, en hy kon selfs die meesters van Egipte leer, maar dit het God net veertig jaar geneem om dit alles uit hom uitgeslaan te kry aan die agterkant van die woestyn.

76 En eendag, terwyl hy Jetro se skape opgepas het, weggehardloop het van Egipte, weggehardloop het van die taak, en gedink het hy sou net teruggaan werk toe, dit alles laat gaan, omdat hy in homself probeer het sonder om enige ondervinding te hê. Onderrigting is goed, maar: "die letter maak dood, die Gees gee Lewe." En in die Teenwoordigheid van daardie brandende bos, het hy meer van God geweet binne vyf minute, as wat hy in veertig jaar geleer is.

77 Wat was dit? Dit was 'n ondervinding. Hy het nie net 'n brief gehad om te lees, of die wet om te lees, of die boeke om te lees nie, hy het 'n ondervinding gehad dat God steeds lewe. Die God van Abraham was net so lewendig in daardie vreemde land, as wat Hy was toe Hy met Abraham of Adam gepraat het. Dis wat dit verg.

78 En elke man wat ooit na die preekstoel toe gaan, behoort 'n plek in sy hart te hê, 'n agterkant-van-die-woestyn, God gee al Sy kinders daardie ondervinding, waar jy God ontmoet en met God praat, en Hy praat terug met jou, en jy weet daar's iets egs.

79 Al die Doktore van Godsgeleerdheid in die hele wêreld, hulle mag *dit* wegverduidelik, en *dit* wegpraat, maar hulle sal nooit in staat wees om jou weg te neem van daardie agterkant-van-die-woestyn ondervinding, waar jy God van aangesig tot aangesig ontmoet nie.

80 Toe, toe Moses God ontmoet het, het hy later die kinders van Israel deur die vure van die hel geneem, want hy het volhard asof hy Hom Wat onsigbaar is, gesien het, nie deur Sy lering nie, maar deur die ondervinding wat hy gehad het.

81 Abraham, nadat hy geroep is uit die, uit die vallei van Sinear, die land van die Chaldeërs, en die stad Ur, nadat God met hom gepraat het, met hom gepraat het toe hy vyf-en-sewentig jaar oud was, en vir hom gesê het, Sara wat vyf-en-sestig was, "Jy gaan 'n baba by Sara hê," nadat God met hom gepraat het, het hy 'n ondervinding gehad, en hy kon daardie dinge wat nie was nie, noem asof hulle was, maak nie saak wat enigiemand gesê het nie.

82 Kan julle julle daardie ou paartjie voorstel, Abraham het in die dorp ingehardloop saam met Sara om inkopies te doen, amper 'n honderd jaar oud: "Koop al die voël-ogie materiaal en die spelde wat jy in die hande kan kry, Skat, ons gaan nou 'n reis

onderneem, jy gaan 'n baba hê. Ons beter, mag die dokter gaan sien."

"Dok, ek en my vrou gaan 'n baba kry."

83 "Sê, hoe oud is jy? *Wel, die ou man is van sy kop af.*" Sien? "*Daar is iets verkeerd met hom. Ons moet hom, miskien, liewer na die psigopatiese saal stuur, 'n sielkundige kry om met hom te praat.*"

84 God het met hom gepraat, en hy kon daardie dinge wat nie was nie, noem asof hulle was, en het die heeltyd sterker geword. Hy het 'n ondervinding gehad, hy het geweet daar was 'n God Wat gepraat het. En hy was ten volle oortuig dat Hy in staat was om enigiets te hou wat Hy belowe het. Amen. Die woord *amen* beteken: "laat dit so wees."

85 En let op na hom, na die eerste agt-en-twintig dae, gaan hy na Sara toe, hy het saam met haar gelewe vandat sy 'n dogtertjie was van omtrent sestien, en hier is sy 'n ou. . . sy kon 'n groot, grootgrootjie gewees het. En hy het gesê na die eerste agt-en-twintig dae, onthou nou, sy was baie jare verby menopouse: "Sara, hoe voel jy?"

"Geen verskil nie, skat."

"Wel, prys God, ons gaan dit in elk geval kry."

86 'n Jaar het verbygegaan: "Hoe voel jy, Sara?"

"Niks anders nie."

"Prys God, dit gaan 'n groter wonderwerk wees! Ons sal dit in elk geval kry."

87 Vyf-en-twintig jaar het verbygegaan: "Hoe voel jy, skat?"

"Niks anders nie."

"Prys God, ons gaan dit in elk geval kry, want ek het met God gepraat Wat teruggepraat het met my, en Hy in staat is om enigiets te doen wat Hy belowe het om te doen."

88 En Hy's dieselfde Here God vanaand, as julle Hom ooit ontmoet het. Ondervinding vergesel geloof. Dit noem enigiets teenstrydig met die Woord asof dit nie is nie. Die Woord kom eerste!

89 Soos ek daar agter die gordyn gestaan het vanaand, geluister het na Dr. Vayle, dit was nadat Filippus vir Natánael gebring het, of, gegaan het om vir Natánael te kry, nadat Filippus Jesus vir Petrus hoor sê het wat sy naam was, en wat sy vader se naam was, dit was daarna dat hy Hom herken het, hy het 'n ondervinding gehad, hy het Hom dit hoor vertel. Gesê: "Kom, Hierdie is die Messias."

90 Natánael kon dit nie glo nie. So hy het opgestap in die Teenwoordigheid van die Here Jesus, en Jesus het gesê: "Daar is nou waarlik 'n Israeliet, in wie daar geen bedrog is nie!"

Gesê: "Rabbi, wanneer het U my geken?"

91 Hy het gesê: "Voordat Filippus jou geroep het, toe jy onder die boom was, het Ek jou gesien." Dit was daarna dat Jesus gesê het: "Omdat Ek dit vir jou gesê het, glo jy nou? Jy sal groter dinge as hierdie sien."

92 Dit was na die vrou by die put wat daar uitgekom het as 'n prostituut, sou ons haar vandag noem, 'n ontugtige vrou, sy het uitgekom na die put om water te kry, en sy het hierdie Jood oorkant teen die put sien sit. Sy het Hom nog nooit tevore gesien nie, Hy was 'n vreemdeling in die stad, want dit was 'n Samaritaanse stad. En hier was 'n Jood, en Hy het vir haar water gevra om te drink, en sy het gesê: "Dis nie gebruiklik vir julle Jode om vir ons Samaritane so-iets te vra nie."

En die gesprek het voortgegaan, Jesus wat haar gees probeer kontak om te sien wat haar probleem was. En Hy het gesê: "Gaan, haal jou man, en kom hiernatoe."

Sy het gesê: "Ek het nie 'n man nie."

Gesê: "Dis reg. Jy het vyf mans gehad, en die een waarmee jy nou saamleef, is nie joune nie."

Sy het gesê: "Meneer, ek sien dat U 'n profeet is. Nou, ons weet dat wanneer die Messias kom, Hy hierdie dinge sal doen. Maar Wie is U?"

Hy het gesê: "Ek is Hy wat met jou praat."

93 Dit was daarna dat sy Sy krag deur God gesien het om die geheime van haar hart te ken, dat sy in die stad kon inhardloop en sê: "Kom sien 'n Man Wat vir my die dinge vertel het wat ek gedoen het. Is Dit nie die Messias nie?" Dit was nadat sy dit gesien het; nadat die wonderwerk met hulle gedoen is.

94 Dit was nadat Jesus die boom vervloek het, en binne vier-en-twintig uur dit sien verdroog het, dat Hy vir die dissipels gesê het: "Hê geloof in God." Nadat hulle die krag van God gesien het, is hulle gevra om geloof te hê in God.

95 Jesus het gesê in Handelinge 1:8: "Julle sal krag ontvang, *nadat* die Heilige Gees op julle gekom het." Nie voor, wanneer jy Ph.D. kry nie, maar nadat die Heilige Gees op julle gekom het, dan sal julle krag van geloof hê om te glo.

96 Dit was nadat hulle tien dae gewag het in die bo-vertrek, met hierdie belofte, die deure en vensters gesluit omdat hulle bang was, dit was nadat die Heilige Gees afgekom het op hulle met Vuurtonge, en die Gees soos 'n magtige rukwind, nadat dit gebeur het, toe was hulle nie bang nie, hulle het in die strate ingegaan en aan al die mense verklaar dat Hy die herrese Christus was. Daarna het hulle—hulle die wêreld ge-evangeliseer, en hulle getuienis verseël met hulle bloed, nadat hulle krag ontvang het, nadat hulle die Heilige Gees gehad het.

97 O, hoe dankbaar is ek om te weet dat daardie groot geloof in God steeds vergesel word deur 'n ondervinding! En vanaand het jy dalk nie daardie ondervinding gehad nie, maar as God vanaand sal kom in die krag van die opstanding van die Here Jesus, Wat gesê het in Johannes 5:19: "Ek doen niks totdat die Vader My eers wys nie," as Hy sal kom en dieselfde ding in hierdie gehoor sal doen om te bewys . . . Hy het gesê: "Ek . . . 'n Klein tydjie en die wêreld sien My nie meer nie; tog sal julle My sien: want Ek sal met julle wees, selfs in julle tot aan die einde van die wêreld. Ek sal die Wynstok wees, julle sal die lote wees." Die wynstok dra nie vrugte nie, die loot dra vrugte, en die loot sal vrugte dra van watter soort wingerdstok dit insteek.

98 En as jy gegroei het uit 'n kweekskool wynstok, en net 'n geleerdheid in teologie het, is dit die soort vrugte wat jy sal dra. As jy opgekom het in daardie soort kerk, is dit waarskynlik hoe jy glo. Maar as jy geplant, gewortel, en gegrond is in Christus Jesus, sal jy die vrugte van Christus dra, jy moet. As jy daardie ondervinding het, is die vrugte nie vreemd vir jou nie.

Laat ons nou na Hom kyk soos ons bid.

99 O, wat 'n wonderlike, luisterende gehoor! Hoe goed dit sou wees as ek langer kon bly! Ek het alreeds 'n halfuur geneem. Ek wonder vanaand dat as jy nie daardie ondervinding gehad het om te weet dat Jesus steeds lewend is vanaand nie, dat Hy net dieselfde is, sê die Skrifte, gister, vandag, en tot in ewigheid, en jy wil graag daardie ondervinding hê, al is jy 'n kerklidmaat, nou laat elke hoof gebuig wees, en elke oog toe, en diegene wat op gebedsgronde is, bid, laat dit in die geheim wees tussen my en God, en jou, sal jy net jou hand opglip na God toe, en sê: "God gee my 'n ware ondervinding, dat ek regtig kan glo"?

100 God seën julle, het julle hande op, rondom. Sê: "Here, ek—ek het nog nooit enigiets gesien waarvan hulle praat nie," God seën jou, julle hande oral op: "Ek het nog nooit so-iets gesien nie, maar my entoesiasme is net soos die koningin van die Suide."

101 Sien, sy het ook nie geweet nie, sy het gehoor dat God 'n groot gawe vir die Kerk gegee het, sy was 'n heiden, 'n afgodedienaar. Sy moes haar kerk verlaat, haar pastore, haar biskoppe, haar pouse, sy moes alles versaak, haar heidense afgode, maar haar hart het gebrand, sy het gehoor dat daar 'n gawe van onderskeiding bo in Israel was. Sy het oor 'n warm, brandende woestyn gereis vir drie maande, soos ek dikwels gesê het, nie in 'n lugversorgde Cadillac nie, maar op die rug van 'n kameel.

102 'n Heiden, het nooit van enigiets gehoor, meer as haar heidense tempel nie, maar sy het in die teenwoordigheid van Salomo gekom. Sy het met genoeg goud gekom om dit te ondersteun, as sy gesien het dit was reg. Sy het gaan sit en die diens dopgehou, nadat sy die groot wysheid gesien het wat God

vir Salomo gegee het, die gees van onderskeiding wat van 'n ware, lewende God af kom, wat geweet het daardie man het nie hierdie onderskeiding gehad nie, dit moes van God af kom, sy het opgestaan en sy het gesê: "Alles wat ek gehoor het, is waar en meer." Sy het haar goud en haar offerandes gegee om hierdie groot gawe te ondersteun wat God gegee het.

103 En Jesus het gesê sy sal opstaan in die Oordeelsdag en hierdie geslag veroordeel, want sy het gekom om 'n gawe van Salomo te sien, en Hy het gesê: "Kyk, meer as Salomo is hier." Wat sal sy doen wanneer sy by die Oordeel kom saam met New England, in die Oordeelsdag, wanneer mense nie oor die straat wil kom nie? Hulle sal nie instap in . . . hulle televisie lank genoeg uitlos om te kom kyk nie. Sy sal opstaan in die Oordeel en miljoene maal miljoene Amerikaanse kerklidmate veroordeel.

104 O God, wees genadig! Mans en vroue hou hulle hande in die lug op, jong kinders en tieners, hulle het nog nie gesien nie, tog glo hulle.

105 U is 'n goeie God. Die dissipels het geglo; Thomas het gesê: "Laat ek my vingers in Sy hande sit."

Hy het gesê: "Hier is jy, Thomas. Jy het gesien, en daarom glo jy, en dis goed. Maar hierdie glo sonder om te sien."

106 So was dit vanaand, Here, dosyne hande wat nog nooit gesien het nie, en tog geglo het, net omdat ek dit uit U Woord gebring het.

107 Ek bid dat U Uself nou sal manifesteer in U groot krag van die opstanding, dat wanneer daardie groot bom wel hiernatoe vlieg, daardie sputnik met duisende Duitse, of, Russiese soldate met hulle atoombomme wat hier hang: "Gee oor of keer tot stof." Wat kan ons doen? O God, die Kerk sal dan weg wees.

108 Skenk, vanaand, vrede en genade aan hulle, mag hulle Christus werklik vind in hulle harte, want toe hulle hulle hande opgesteek het, het hulle elke wetenskaplike wet gebreek wat gebreek kon word. Swaartekrag bewys dat ons hande moet afhang, maar toe hulle hulle hande opgesteek het, het dit gewys daar was 'n Gees wat langs hulle gestaan het, en hulle het 'n gees gehad, en die Gees het gesê: "Jy's 'n sondaar, jy's verkeerd, jy's 'n kerklidmaat, maar jy's nie reg nie." En daardie gees in hulle het 'n besluit geneem dat hulle reg wou wees, en hulle het die wette van swaartekrag verbreek, en hulle hande opgesteek na hulle Skepper toe.

109 U het gesê: "Niemand kan kom, tensy My Vader hom eers trek nie," dan is die Vader hier om jou aan te trek. "En almal wat na My toe kom, Ek sal vir Hom ewige Lewe gee, en sal hom opwek in die laaste dag." Ons glo dit, Here.

110 Manifesteer Uself nou vanaand in ons midde, wys dat U steeds lewe. Want ons vra dit, in Christus' Naam, terwyl U die siekes genees, en ons sal U prys. Amen.

111 Ek is jammer om julle 'n bietjie te gehou het, dis egter nie laat nie. Nou ek wil hê julle moet baie eerbiedig wees net vir 'n paar oomblikke. Die uur is nou op hande vir wat ek alles gesê het, en alles wat Dr. Vayle gesê het, en al die Skrifte belowe het, dit moet as die waarheid of vals bevind word, dit moet reg of verkeerd wees.

112 Ek het geluister toe Dit dit gesê het: dat Jesus dieselfde gebly het, die manier waarop Hy Homself verklaar het aan beide Jood en Samaritaan, en nie die Heiden nie. . . Die Heidene het tweeduisend jaar gehad om die Kerk uit te roep, en nou is dit die einde van die Heidense tydperk. Ek wonder hoeveel mense hierbinne is dit geleer en glo dit. Laat ons julle hande sien. Julle het 'n paar goeie leraars hierrond. Hierdie is die einde van die Heidense tydperk.

113 Met dieselfde bediening, waar daardie Jode staan en daardie klein Bybels vashou dat Broer Pethrus van Stockholm vir hulle 'n miljoen of meer soontoe gestuur het, en hulle het gelees dat hoe Jesus gemaak het, hulle het gesê, hulle wat opgekom het van Iran en daar onderin, dat die *Look* tydskrif, en hulle, *Life*, gewys het, hierdie Jode wat hulle geliefdes op hulle rug dra, hulle. . . Ons het dit alles op televisie, of, Kodachrome kleur.

114 En ons het 'n onderhoud met hulle gevoer, Broer Arganbright, baie van die Christen Sakemanne, en hulle het gesê: "Kom julle huis toe na die ou tuisland toe om te sterf?"

Gesê: "Nee, ons het gekom om die Messias te sien."

115 "Wanneer die vyeboom bot." Die ses-punt Ster van Dawid wat daar hang, die oudste vlag in die wêreld, wat weer vlieg vir die eerste keer vir tweeduisend jaar, nee, vyf-en-twintighonderd jaar. Dink daaraan.

116 Hulle het gesê: "Waar is die Messias?"

117 En toe, toe hulle hierdie Bybels gelees het, het hulle gesê: "As hierdie Jesus die Messias was, en Hy maak hier aanspraak dat Hy opgestaan het uit die dood, laat ons Hom die teken van die profeet sien doen, ons sal Hom glo."

118 O, wat 'n ware ding! My hart het gespring, ek het gesê: "Ek wil 'n kaartjie hê, ek gaan! Ek sal duisende van hulle uitroep."

119 Sê: "Het jy dit bedoel?"

120 Hulle glo hulle profete. En toe ek by Kaïro, Egipte gekom het, dertig minute van Palestina af, het ek my kaartjie in my hand gehad, hulle was gereed om die eerste oproep te maak, Iets het getref, gesê: "Nie nou nie, die toorn van God het nog nie na die Heidene gekom nie, hulle ongeregtigheid is nog nie vol nie."

121 Ek het gedink: "Sekerlik, dis my verbeeldingsverstand." Ek het weer begin uitgaan, ek het gedink: "Ek sal uitstap na die loopbaan toe." En ek het begin uitstap, en toe het daardie Lig daar gestaan wat julle op die foto sien.

122 Dis dieselfde Vuurkolom wat die kinders van Israel gelei het, Dis dieselfde ding wat hierdie . . . As daardie Lig wat julle daar sien . . . wat hulle hier in Amerika het, hulle het Dit in Duitsland, hulle het Dit in Switserland, waar hulle die foto's daarvan geneem het.

123 Daardie Lig sal getuig van wat Dit is, en as daardie Lig nie van God is nie, sal Dit nie van God getuig nie; maar as Dit dieselfde werke doen wat Jesus gedoen het toe Hy hier op aarde was, wat gesê het Hy kom van daardie Lig af, wat was in die . . . Moses in die woestyn. "Voor Abraham was, IS EK." Toe Hy hier op aarde was, kyk wat het Hy in vlees gedoen. Hy het gesê: "Maar Ek kom van God af, en Ek gaan terug na God toe." En toe Hy teruggekeer het na Sy opstanding, het Paulus Hom ontmoet op die pad na Damaskus, en hier was Hy weer 'n Vuurkolom, so 'n Lig so na aan Paulus, Dit het sy oë verblind en hy moes gelei word. Hy het in die tronk ingekom saam met Petrus as 'n Lig; Hy het teruggekeer daardie. Hier is Hy weer aan die einde van die Heidense tydperk om net presies te doen soos Hy destyds gedoen het.

124 Enige wynstok dra vrugte deur die loot van wat dit is. As dit nie dieselfde ding doen wat Jesus gedoen het nie, dan is dit nie Jesus nie, sekerlik. As ek vir julle gesê het die gees van John Dillinger is in my, sou ek gewere gehad het en sou ek gevaarlik gewees het; as ek vir julle gesê het die gees van 'n kunstenaar is in my, sou julle van my verwag om die skildery van die kunstenaar te skilder; as ek sê die Gees van Christus is in my, dan bring Dit die werke van Christus voort, Hy het dit belowe.

125 En toe, toe ek uitgestap het op die loopbaan, het Hy gesê: "Dis nog nie, dis nog vir 'n seisoen." En ek het omgedraai en opgegaan na Marsheuwel, van daar af terug na die Vatikaan, toe terug huis toe. "Net nie die tyd nie."

126 Wanneer daardie Jode die Evangelie ontvang, is julle Heidene gedaan. God handel met Jode as 'n volk, ons as 'n mens, die Jode altyd as 'n volk, die volk van Israel. Ons is aan die endtyd. Hierdie is 'n oproep vir die Heidene. God wees genadig! Hy's hier, jy moet by Hom wees, of Hy kan niks vir jou doen nie.

127 Wat as Martha daar sou uitgegaan en vir Jesus gesê het: "Waarom het U nie gekom toe ek U vir my broer geroep het nie?" Die wonderwerk sou nooit gedoen gewees het nie, maar sy het Hom eerbiediglik benader, gesê: "Here, as U hier was, sou my broer nie gesterf het nie. Maar," het sy gesê: "Selfs nou, wat U God ook al vra, dit sal God doen." O, hoe pragtig!

Gesê: "Jou broer sal weer opstaan."

Sy het gesê: "Ja, Here, hy was 'n goeie seun, hy sal opstaan in die algemene opstanding."

Hy het gesê: "Maar Ek is die Opstanding en die Lewe. Hy wat in My glo, sal lewe, al het hy ook gesterwe."

Sy het gesê: "Ja, Here, ek . . . "

Hy het gesê: "Glo jy dit?"

128 Sy het gesê: "Ja, Here, ek glo dat U die Seun van God is, wat in die wêreld sou inkom." Daar's 'n ware gelowige in die Teenwoordigheid van die ware Heilige Gees wat in Hom was. Wat gaan plaasvind?

129 Ek praat nie teen enigiemand se godsdiens nie, maar 'n sekere vrou van 'n—'n sekte wat nie in Goddelike Bloed van Christus glo nie, hulle glo Hy was 'n profeet, (Nie net die Christen Wetenskap nie, maar baie van julle Protestante kry dieselfde ding wat julle ingeprop word. Hy was God!), sy het gesê: "Mnr. Branham, ek hou daarvan om jou te hoor praat, maar jy spog te veel oor Jesus as Goddelik."

Ek het gesê: "Hy was Goddelik, Hy was meer as 'n profeet of 'n leraar. Hy was God, óf die grootste bedrieër wat die wêreld ooit gehad het."

Sy het gesê: "As ek vir jou bewys met jou Skrifte, hy was niks anders as 'n man nie, sal jy dit aanvaar?"

Ek het gesê: "As die Skrif so sê."

Sy het gesê: "In Johannes 11, toe hy afgegaan het na die graf van Lasarus, het die Bybel gesê hy het geween."

Ek het gesê: "O, dame, is dit jou Skrif?"

Sy het gesê: "Ja."

130 Ek het gesê: "Jou Skrif is dunner as die sop wat gemaak is van die skaduwee van 'n hoender wat doodgegaan het van die honger." Ek het gesê: "Jy weet beter as dit!" Ek het gesê: "Toe Hy afgegaan het na die graf toe, het Hy geween soos 'n mens, maar toe Hy Sy liggaampie opgetrek het, wat die Bybel gesê het: 'Daar was geen skoonheid dat ons Hom sou begeer nie,' maar toe Hy daardie klein raamwerk bymekaar getrek het, en gesê het: 'Lásarus, kom uit,' en 'n man wat al vier dae dood was, lewendig geword het, was dit meer as 'n mens."

131 Toe Hy honger van die berg afgekom het, in ons teks vanaand, was Hy 'n mens, maar toe Hy vyf broodjies en twee stukkies vis geneem het en vyfduisend gevoed het, was dit meer as 'n mens, dit was God wat uit 'n mens gepraat het.

132 Hy was meer as 'n mens toe Hy vir die vrou by die put vertel het, dat sy vyf mans gehad het. [Leë kol op band—Red.] Hy was meer as 'n mens toe Hy vir Filippus gesê het, Hy het hom onder die vyeboom gesien, vyftien myl ver, toe hy gebid het.

133 Hy was 'n mens toe daar krag van Hom uitgegaan het, die vrou wat Sy kleed aangeraak het, ensovoorts, en hy het agter op 'n bootjie gelê en rus, so moeg, en tienduisend duiwels van die see, het gesweer hulle sou Hom verdrink, en daardie ou bootjie daarbuite soos 'n bottelprop, wat rondspring, die duiwel het gesê: "Ons het Hom nou," Hy was 'n mens toe Hy daaronder op die boot gelê en slaap het, maar toe Hy wakker gemaak is en Hy nadergestap het en Sy voet op die rand van die boot gesit het, opgekyk en gesê het: "Swyg, wees stil," en die winde en die golwe Hom gehoorsaam het, was Hy meer as 'n mens.

134 Hy was 'n mens toe Hy op Gólgota geroep het om genade in Sy dood, maar op Paasoggend, toe Hy die Romeinse seël gebreek en die steen weggerol het, en weer op die aarde gestaan het, het Hy bewys Hy was meer as 'n mens.

135 Elke mens wat ooit enigiets werd was op hierdie aarde, het dit geglo, digters ensovoorts. Een het gesê, blinde Fanny Crosby het gesê:

> Gaan my nie verby, O liewe Heiland,
> Hoor my sagte roep;
> Wyl U andere roep,
> Gaan my nie verby.
>
> U die Stroom van al my troos,
> Meer as lewe vir my,
> Wie het ek op aarde, behalwe U?
> Of wie in die Hemel behalwe U.

136 Toe Eddie Perronet die inhuldigingslied geskryf het, toe sy gedigte heeltemal weggewys is en geweier is, in daardie donker kamer het Hy 'n pen gegryp, en die Heilige Gees het op hom gekom, en hy het die inhuldigingslied geskryf toe hy geskryf het:

> Gegroet die Krag van Jesus' Naam!
> Laat engele laag neerval;
> Bring uit die koninklike kroon,
> En kroon Hom Heer oor als.

137 Een het gesê:

> Lewend, het Hy my liefgehad; sterwend het Hy my gered;
> Begrawe het Hy my sondes ver weggedra;
> Opgestaan, het Hy vrylik regverdig vir ewig:
> Eendag kom Hy—o, wonderlike dag!

138 Hy was meer as 'n mens, Hy was God. Hy's steeds God vanaand.

139 Vader, ons hou daarvan om U Woord te lees, en ons weet dat U God is, en U nie kan sterf nie. U het eenmaal gesterf vir ons sondes, en weer opgestaan op die derde dag, volgens die Skrifte, en U lewe vir ewig, met elke belofte om goed te maak. Skenk

vanaand, Here, mag nooit weer hier wees nie, maar laat hierdie stad weet dat U steeds lewe. Skenk dit, Here.

140 Nou onderwerp ek myself aan U en vertrou elkeen hier aan U toe, en vra dat U sal werk deur ons vlees en deur ons gees, dat elkeen hier mag huis toe gaan, U verheerlik. In Christus' Naam, bid ons. Amen.

141 Sien, ek glo ons het gisteraand uit die eerste deel van die kaarte geroep.

142 Hierdie foto hier van die Engel van die Here, ek weet nie of julle dit al ooit gesien het of nie, die geskrif wat daarby is, van die FBI, het gesê: "Ek het eenkeer gedink jou dienste was sielkunde toe jy van die Lig gepraat het, ek het gewonder hoe dit gedoen is," Mnr. George J. Lacy het gesê: "Mnr. Branham, die meganiese oog van die kamera sal nie sielkunde afneem nie, die Lig het die lens getref."

143 Dis by die toonbank daaragter by die boekstalletjie, die kêrels sal dit hê na die diens, ons moet dit koop, dis op 'n kopiereg; ons moet ons boeke koop, hulle is op kopiereg. Ons het niks om te verkoop nie, ons . . . Of as ek nie gedink het dit sou iemand help nie, sou nooit hier wees nie. Nie my prentjie wat jy koop nie, dis Sy prentjie.

144 Mnr. Lacy het gesê: "Daar was 'n tyd toe hulle daardie Ligte betwyfel het, en gesê het dit was 'n sielkundige gedagte van die kunstenaar wat daardie ligkring geverf het, en dinge, om ons Here, en rondom die apostels, maar," gesê: "hierdie meganiese prentjie bewys dat dit die waarheid is." Dis reg.

145 Hy het gesê: "Die ou skynheilige," hy het bedoel die ongelowige, dis hoe hy gesê het, ek haal sy woorde aan net soos hy dit gesê het, hy het gesê: "hulle kan dit nie meer doen nie." Dan weet die wetenskaplike wêreld dat Hy steeds lewe, die Kerk weet Hy lewe steeds omdat Hy dieselfde bly.

146 Ek dink dat ons gisteraand geroep het uit die eerste deel van daardie gebedskaartjies, het ons nie? Ons het vyftien of twintig van hulle geroep. En vanaand . . . Wat—wat is dit? F. Kom ons roep die laaste deel van hulle. Ons net . . . Die seuns kom af en skommel hulle almal deurmekaar, en gee vir julle, sien, dat julle dit kan sien, wel, ons weet nie wie julle is nie, wanneer ons hulle deurmekaar maak, mag jy een kry, die volgende een kry vyftig, die volgende een twee-en-twintig, en die volgende kry drie. En dan, wie hulle ook al uitgee, hulle weet nie waarvandaan dit geroep gaan word nie, kom net reguit hiernatoe, en roep hulle hiernatoe.

147 Was altyd, ek was . . . Ek sou 'n klein kindjie laat opkom en tel, en waar hy gestop het, dis waar ons sou begin. Glo dit of nie, mamma het klein seuntjie gebring, en net daar stop waar haar nommer was, julle sien. So ons werk steeds met mense. So ons net . . .

148 En kyk dan, hierbo op die, op die platvorm, dit beteken nie een ding nie. Jy kan daar genees word net soos jy hier kan.

149 Hoeveel weet dat die Skrif dit sê: Toe die vrou Sy kleed aangeraak het, sy het in die gehoor ingehardloop, Jesus het gesê: "Wie het My aangeraak? Wie het My aangeraak?"

En sy . . . Petrus het gesê: "Wel, die hele groep raak U aan!" Hy het die Here bestraf.

150 Maar die Here het omgedraai, en gesê: "Iemand het My aangeraak, want Ek het swak geword." En Hy het rondgekyk totdat Hy die vroutjie gevind het, en Hy het vir haar gesê waar haar probleem was, en sy is genees." Hoeveel ken daardie Skrif?

151 Nou, as Hy dieselfde is gister, vandag, en tot in ewigheid, sal Hy dieselfde optree vandag? Sê die Bybel in Hebreërs 13:8 dat Hy dieselfde is gister en tot in ewigheid? Wel dan, sê die Bybel, ook, in Hebreërs dat Hy die Hoëpriester is wat aangeraak kan word deur die gevoel van ons swakhede? Wat is Hy? Sit aan die regterhand van God vanaand, om voorspraak te maak volgens ons belydenis, 'n Hoëpriester.

152 Dan as Hy dieselfde is gister, en dieselfde Hoëpriester, sou Hy op dieselfde manier moes optree, of Hy is nie dieselfde nie. Nou, raak julle Hom net aan deur die gevoel van julle swakhede, en kyk of Hy nie Homself verklaar om net presies dieselfde te wees nie. Nou, wees baie eerbiedig, bid nou; ek sê nie dat Hy sal nie.

153 Laat ons sien, laat ons vanaand begin van waar af? Ons kan hulle nie almal hiernatoe roep nie. Kom ons begin van vyf-en-tagtig tot 'n honderd, wat vyftien op die platvorm sou gee op een slag. Goed, wie het gebedskaartjie F, vyf-en-tagtig? Steek jou hand op. F, vyf-en-tagtig. Kyk nou na julle kaartjies, iemand wat miskien nie kan opstaan nie. [Leë kol op band—Red.]

154 . . . die sakdoek in hierdie mandjie hier vanaand, en jy wil een hê. Hoeveel glo daarin? Laat ons julle hande sien. Die Bybel leer dit. Julle kan net vir my skryf. Nou, ek—ek probeer nie julle adres kry nie, ek het niks om te borg nie, nie 'n ding nie. Ek het 'n moeilike tyd om genoeg geld te kry om sekretarisse te betaal om my te help om dit te beantwoord. Skryf julle net vir my, Jeffersonville, Indiana, ek sal dit vir julle gratis stuur.

Kom ons bid.

155 Here, hierdie sakdoeke kom hier vanaand van moeders, en vaders, en van kinders, en kindertjies wat siek en behoeftig is, miskien 'n ou, blinde vader wat iewers in 'n kamer sit, arme moeder wat op die bed van beproewing lê, 'n babatjie wat op die vloer loop, u weet alles daarvan. En hulle word in die Bybel geleer, dat hulle van die liggaam van Paulus geneem het, sakdoeke en voorskote. Hulle het Paulus geglo toe hulle die werke van God deur hom gedoen sien word het.

156 Ons weet ons is nie Paulus nie, maar ons weet dat U steeds Jesus is, en ons bid, Vader, dat U elkeen van hierdie sal genees, soos ons hulle na die siekes en beproefdes stuur. In die opregtheid van ons harte, dank ons U vir die mense wat nog genoeg vertroue het om vandag te glo, en mag hulle genees word. In Christus' Naam. Amen.

157 Twee-en-negentig. Twee-en-negentig en vier-en-negentig ontbreek. Is hulle in die gebou? Nege-en-tagtig, twee-en-negentig. Goed. Twee-en-negentig is hier. Nommer nege-en-tagtig ontbreek. As dit in die gebou is, as iemand . . . Ek wens jy wil na jou kaart kyk, miskien is jy . . . Negentig. Drie-en-negentig. Negentig en drie-en-negentig. Goed. As die nommer negentig in die gehoor is, of drie-en-negentig, sal jy opkom? Enige plek tussen . . . Wat was dit wat ek nou pas genoem het? Vyf-en-tagtig tot 'n honderd, enige plek, enigiemand met gebedskaartjies van vyf-en-tagtig tot 'n honderd . . .

158 Kyk na jou buurman, hulle mag iemand doofstom wees, en hulle sit net daar en hulle weet nie—hulle weet nie, julle sal hê . . . Of miskien kan iemand nie eens beweeg nie, ons sal hulle dra. Kyk net rond na die kaarte wat iemand 'n kaart het. Almal is nou daar. Goed. Dis goed.

159 Hoeveel het nie 'n gebedskaartjie nie, en tog wil julle hê Jesus moet julle genees? Laat ons julle hande sien. Hê net geloof, glo met jou hele hart. Nou, dankie.

160 Nou ek wil hê julle moet iets doen, nou, julle sonder 'n gebedskaartjie, julle sal nie op die platvorm wees, sover ek weet nie, nou, ek wil hê julle moet in gebed wees, net saggies, en sê: "Here Jesus, hierdie broer het, vanaand, met ons gepraat, en ons het Skrif aangehaal dat U dieselfde bly, en U het Uself verklaar voor die Jode en Samaritane, en in U dag, en het gesê U het niks gedoen, totdat die Vader U gewys het nie. Die vroeë kerk, of, die Ortodokse kerk, die ou Joodse kerk in daardie dag, het gesê U was Beëlsebub, die duiwel, omdat U hulle gedagtes kon onderskei, maar die mense aan wie hierdie wonderwerke gedoen is, het gesê dat hulle geglo het U is die Seun van God, en dit was 'n teken van die Messias. Nou, ons glo dat Messias binnekort kom, en ons glo dat U Uself vandag aan ons manifesteer dat ons gereed mag wees om te ontsnap. So, U is dieselfde gister, vandag, en vir altyd, word ons vertel, so, Here God, asseblief, laat my, vanaand, U kleed aanraak soos die vrou het, en draai U dan deur Broer Branham se lippe en praat met my, en sê my net soos U het met die—die vrou, dan, Here, sal ek U al die lof en eer gee, ek sal U glo."

161 Nou, kyk net of Hy dieselfde bly. Wat 'n uitdaging! Het julle . . . ? Vriende, ek is seker julle begryp dit nie. Besef julle wat dit beteken? En kyk hier, daar's nie 'n persoon in hierdie gebou wat ek ken nie, nie 'n persoon, behalwe Mnr. Sweet, Mnr. Vayle,

Mnr. Goad, wat net hier sit, en my seun wat 'n rukkie gelede hier was nie, hy's weg. Goed. Dis die enigste persone wat ek ken in hierdie gebou, maar God ken julle almal.

162 Nou, is dit die dame? Hier is 'n foto van Johannes 4, man en vrou. Ek veronderstel hierdie is ons eerste keer om ooit te ontmoet. Dit is. Kan jy die dame hoor, of sien of sy haar kop knik? Sal jy net jou hand opsteek, sodat hulle sal sien. Ek ken haar nie, ek het haar nog nooit in my lewe gesien nie. Sy's vrou, ek's man. Hier staan ons hier om vir die eerste keer te ontmoet. Nou, as daar iets verkeerd is met haar, weet ek nie, sy mag 'n kritikus wees, sy mag hier wees om net te bluf. As sy is, kyk wat gebeur.

163 Hoeveel was al ooit in dienste en het gesien wat gebeur het soos daardie? Goeiste, goeiste! Party van hulle val oor, verlam, raak kranksinnig, alles anders. Hy steeds, Hy bly dieselfde God, die Boek van Handelinge 19 net dieselfde. Die Here sal dit besluit, laat Hom dit sê.

164 Sy mag 'n sondaar wees, sy mag 'n skynheilige wees, sy mag 'n Christen wees, ek weet nie. Maar ons is . . . Iets moet gebeur. Laat haar die beoordelaar wees.

165 As ek gesê het: "Dame, jy's siek, ek gaan my hande op jou lê, jy gaan gesond word," sy kon dit betwyfel, sy het net my woord. Maar wat as die Heilige Gees kom en haar iets vertel wat—wat sy—sy weet dat ek nie weet nie? Dan sou sy die beoordelaar daarvan wees. Dan as Hy weet wat was, sal Hy weet wat sal wees.

166 Nou, hierdie is vir julle mense in die balkonne, julle is nie te ver weg nie, nooit buite die bereik van Christus nie, glo jy net waar jy sit. Hoeveel daarbo is siek, en wil hê Christus moet jou genees? Steek julle hande op, oral rondom. Glo net, hê net geloof.

167 Nou, hier is ons net soos Johannes die 4de hoofstuk, man en 'n vrou wat ontmoet het, begin praat het, en Jesus het gevind wat die vrou se probleem was, Hy het vir haar gesê waar haar probleem was, en wat haar probleem was. En sy het gesê: "U moet 'n Profeet wees. Nou, ons weet die Messias sal dit doen."

Hy het gesê: "Ek is Hy."

En sy het in die stad ingehardloop en gesê: "Kom sien 'n Man Wat vir my die dinge vertel het wat ek gedoen het. Is Dit nie die Messias nie?"

168 Ek het dit gisteraand gesê, ek sê dit weer vanaand: Daardie vrou het meer van God af geweet, as tagtig persent van ons Amerikaanse predikers, dis reg, hoewel 'n prostituut; sy het dit herken. Sy het meer van God af geweet as wat daardie priesters, en rabbi's, en dinge het, hulle het gesê: "Hy's Beëlsebub, 'n duiwel."

Sy het gesê: "Hy's Messias," toe Hy dit gedoen het. Nou, wie was reg?

169 Goed, dame, siende dat ek vanaand 'n bietjie gepraat het, net om 'n gesprek met jou te voer, totdat ek kry die . . . weet dat die Heilige Gees self. Nou, as Hy my sal laat weet waarvoor jy hier is, en jy weet ek weet nie, sal jy dan—sal jy dit dan aanvaar? Goed, meneer.

170 Hoeveel daarbuite sal sê: "Ek sal dieselfde doen"? Is daar enigiemand daarbuite, wat hierdie vrou ken? Ja, daar's nogal heelwat. Wel, julle weet hierin, julle in die stad dan, julle weet alles daarvan. Nou, so ons is net . . . Wees julle die beoordelaar.

171 Nou, suster, net om met jou te praat as 'n man, en die enigste ding wat ek . . . hierdie moet wees vir . . . God hoef dit nie te doen nie, maar Hy het belowe Hy sou dit doen; Hy hoef nie te genees het toe Hy hier op aarde was nie, maar Hy het belowe Hy sou dit doen. Die profeet het gesê: "Hy het ons swakhede geneem, en ons siekte gedra." Hy moes dit vervul. En as die Bybel gesê het Hy's dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid, en dis hoe Hy Homself verklaar het aan die einde van daardie geslag, moet Hy vandag dieselfde doen om die Skrif te vervul. So, hier is ons aan die einde van die Heidense tydperk.

172 Die vrou is 'n Christen, en sy is 'n gelowige. Dis reg. Sy staan nie soveel hier vir haarself nie, al het sy 'n klierprobleem wat haar oorgewig maak, maar daar's iets anders op haar hart wat sy begeer. En sy het baie hieroor gebid dat sy begeer, en dit is oor haar man. Dis reg. Is dit? Dis die waarheid.

173 Glo jy nou? Wees jy nou die beoordelaar.

174 Nou, ek weet nou nie wat ek gesê het nie. Sien? Dis op die band daar as julle dit ooit wil hê, hulle het dit op die band. Sien, wat gebeur, dis 'n visioen, jy's iewers anders, miskien, jare terug, of miskien vorentoe, of wat dit ook al is, jy's iewers in 'n ander wêreld. Jy gee net jouself oor, dis 'n gawe, gee jouself oor aan die Heilige Gees. Wat bewys dit? Dat dieselfde Heilige Gees wat in die vroeë Kerk was en in Christus hier in hierdie kerk is, beweeg deur Sy Liggaam, soos Hy belowe het. Dit behoort geloof te maak, geloof kom net op tot 'n punt, waar alles sou gebeur. Maar waarom is dit? Ons is so dood in gees.

175 Nou, as julle dink dit was net raaiwerk, laat ons ons tyd op die vrou neem, en 'n bietjie met haar praat. Goed, dame, wat Hy ook al gesê het, was die waarheid. Nou, ek weet nie wat dit was nie, daar die . . . En julle besef dat om voor 'n man te staan, ek, sou jou nie laat voel soos jy nou voel nie. Jy's 'n baie gawe persoon. En jy's in volmaakte kontak met Iets, 'n baie liefdevolle, nederige gevoel, dis die Heilige Gees. Sien daardie Lig? Daardie Lig is wat jou so laat voel. Ek kyk reguit Daarna, Dis reg rondom jou.

176 Nou, as Christus hier was en hierdie klere gedra het wat Hy vir my gegee het, as jy genesing nodig het, kon Hy jou nie genees nie, Hy het dit alreeds gedoen toe Hy op Gólgota gesterf het, Hy sou iets doen om te bewys dat Hy die Christus was, dan

sou jy in Sy plaasvervangende lyding glo, Sy dood, begrafnis, en opstanding, weet dat Hy steeds lewe, as Hy steeds lewe na al daardie jare, en dieselfde bly in elke opsig. Nou, aangesien genesing en verlossing gekoop is, dis alreeds gedoen, jy moet dit net glo. So Hy sou net, enigste ding wat Hy kon doen, sou wees om Homself te manifesteer dat Hy hier is, om te verklaar dat wat Hy daar gedoen het, goed staan vanaand.

177 Ja, die vrou begin weer in die visioen inkom. Ja, dis 'n klierprobleem, sy is oorgewig, enigiemand kan dit sien, en dis 'n kliertoestand. Ja, ek sien weer 'n man verskyn, dis haar man, en hy het iets verkeerd, Dit is in sy bene, dit is flebitis, in albei sy bene.

178 En hier, loop daardie man uit die wil van God uit, hy het 'n roeping tot die bediening gehad, en hy plaas iets anders voor dit, hy doen ander werk en vervul nie daardie roeping nie. En die rede waarom hy dit doen, is omdat jy self 'n vrouepredikerik is, en hy—en hy dink dat een prediker in die familie genoeg mag wees, maar hy's verkeerd. Hy . . . Jy's nie van hierdie stad nie, nee, jy's nie, jy's van 'n stad, jy's van New York, 'n stad genaamd Schenectady. En jou naam is Mev. Reed. Dis SO SPREEK DIE HERE. Nou, gaan terug en vind dit soos jy dit geglo het. Het julle dit geglo? Dit sal wees net soos jy gevra het. God seën jou.

179 Glo jy die Here met jou hele hart? Nou, julle in die gehoor, hê geloof, moet nou nie twyfel nie. Moenie rondbeweeg nie, sit baie stil, asseblief. Sien?

180 Geeste, wanneer hulle mense verlaat, soos bose geeste, gaan hulle van een na die ander, julle weet dit. Wanneer jy 'n gehoor laat spring en hardloop, kan jy dit nie hou nie. Jy nie . . . Dit help nie om die tyd te probeer neem om dit te verduidelik nie. Glo jy dit net, dis al, glo jy dit net.

181 Die dame hier is 'n vreemdeling vir my, sover ek weet. Ek ken haar nie. Lyk soos 'n gesonde vrou, maar ek weet nie, God weet wel. Maar as Hy aan my sal openbaar wat jou probleem is, glo jy my?

182 Dink jy jy sal oor daardie maagsere kom? Jy het daarvoor gebid, het jy nie, meneer? Ek ken jou nie, ken ek? Jou nog nooit in my lewe gesien nie. As dit reg is, steek jou hand op. Jy's 'n senuweeagtige persoon, baie senuweeagtig, wat veroorsaak het dat jy maagsere het. Gaan voort, preek nou die Woord, jy's in elk geval 'n prediker, so gaan preek die Woord.

183 Het jou arms om jou vriend daar, wat dink jy hiervan, meneer? Glo jy dat ek Sy profeet is, of, Sy dienskneg? Jy glo? As Hy aan my sal openbaar wat jy wil hê, sal jy dit aanvaar? Natuurlik dra jy 'n bril, 'n man van jou ouderdom behoort bril te dra, maar dis nie dit nie, jou oë word sleg, jy wil gebed vir jou oë hê, dis wat jy wil hê. Jy het artritis, ook, jy wil gebed daarvoor hê. Dis reg, is dit nie? Aanvaar jy nou jou genesing? Steek jou hand

op, as jy dit doen. Dis verby, en jy kan huis toe gaan, gesond wees, jou geloof het jou genees.

184 Wat het hulle aangeraak? Wat. . .? Ek vra julle nou, eerbiediglik: Wat het hulle aangeraak? Voor God, ek het nog nooit enige mense gesien nie, weet niks van hulle af nie. Maar iemand het gebid, dit was die groot man daar, wat die gebed gedoen het, en omdat hy gesit het met sy liggaam om die ander man as 'n kontak, dis wat dit vir die volgende man gedoen het. Nou, vra hulle. Laat God die Regter wees.

185 Nou, bly Jesus Christus die Hoëpriester wat aangeraak kan word deur die gevoel van ons swakhede? Is Hy lewendig vanaand?

186 Ek. . . daar's geloof in die gehoor, suster, ek net, waar ook al daardie Lig gaan, gaan ek net Daarmee saam, sien, dis al wat ek kan doen. Nou, miskien sal Hy na jou toe kom. As die Here aan my sal openbaar wat jy van Hom wil hê, glo jy? Jy weet, as dit genesing is, ek kan jou nie genees nie. Maar ek sien iets, jy het 'n ding op jou arm. O, dis 'n. . . Jy—jy het lae bloeddruk, dis wat dit is, lae bloeddruk.

187 Nie net dit nie, maar ek sien 'n hospitaal, dis vir iemand anders waarvoor jy daar staan, en dis 'n vriend van jou wat in die hospitaal is van 'n ongeluk, bene in hulle liggaam gebreek het. Jy's self 'n leraar, 'n Sondagskoolonderwyseres. Nou, gaan ontvang dit. Net soos jy dit geglo het, so sal dit wees. God seën jou. God wees met jou.

Wees nou eerbiedig, asseblief, asseblief, asseblief.

188 Ek ken jou nie, God ken jou wel. Glo jy dat ek Sy dienskneg is? As Hy vir my sal sê waarvoor jy hier is, sal jy dit dan glo?

189 Nou, asseblief, sit net 'n oomblik stil. My seun sal my binne 'n paar minute kom haal, so wees baie eerbiedig. Moenie rondbeweeg nie, wees baie eerbiedig. Hy. . . God is in Sy heilige tempel, en laat ons eerbiedig wees.

190 Jy ly aan 'n senuweetoestand, en jy het probleme in jou ruggraat. Dit is waar. Hoe sou ek dit weet? Dit sou moes kom van Iets wat hier teenwoordig is Wat jou ken. Glo jy dis die Here Jesus wat my dit laat doen?

191 Nou, net 'n oomblik, as die gehoor my nog kan hoor: Daar's 'n man wat daar opkom, 'n visioen beweeg nou, dis haar seun, en hy word gepla deur 'n senuweeprobleem. En jy wil gebed hê vir hom. Dis reg. Hy is nie hier nie, hy woon in New York. En ek sê julle, dat julle glo dat ek Sy dienskneg is, daardie seun is 'n Katoliek van geloof. Dis reg. Glo jy nou dat God dit sal gesond maak en by hom uitkom? Aanvaar jy dit? Goed. Gaan soontoe, neem daardie sakdoek, stuur dit na hom toe, dit sal verby wees. God seën jou.

192 Hê geloof in God, moenie twyfel nie. Daar's 'n bose krag wat aanhou trek uit daardie gehoor, iewers.

193 God kan epilepsie genees. Glo jy dit? Glo jy Hy sal jou gesond maak? Steek jou hand op daar, meneer, as jy dit glo met jou hele hart, net hier. Nou hê geloof in God, en dit sal alles verby wees.

194 Dis die duiwel wat gewoonlik van ons af weggaan. Hy doen kwaad, ek . . . 'n Ongehoorsame gehoor, ek het agt-en-twintig sien neem, op een slag nadat dit uit 'n baba gewerp is, hulle het dit ook nogsteeds. Onthou, toe hulle uit Legio uitgekom het, het hulle in varke ingegaan; hulle moet êrens heen gaan.

195 Die Heilige Gees hang steeds daar. Dis 'n man wat daar langs hom sit, iets het met die man gebeur. Glo jy Hy kan hartprobleme ook genees? Jy het hartprobleme gehad, het gebid vir hartprobleme om genees te word. Dis reg.

196 Die dame wat daar sit, daar gaan Hy, daar's daardie Lig reg langs die dame. Hy's . . . Die vrou het katarakke op haar oë. Dis reg, is dit nie, dame? Glo Hom, dit sal jou verlaat.

O, Hy is werklik! "As julle kan glo!"

197 Glo jy. Ek ken jou nie. Maar ek sien jou, jy's hier vir iemand anders. En jy het gisteraand in hierdie gehoor gesit, en die Heilige Gees het jou geroep, en jy is gisteraand genees van 'n keelprobleem, SO SPREEK DIE HERE. En jy staan hier vir iemand anders, jou broer, en hy's nie hier nie, hy het kanker. En hy's—hy's in 'n plek genaamd Toronto, Kanada, Ontario, bo in Kanada. Dis reg. Daardie sakdoekie, of pakkie, waaruit jy daardie traan afgevee het, stuur dit na hom toe, en moenie twyfel nie, hy sal gesond word. Amen.

198 Hê geloof in God. O, laat Sy Teenwoordigheid julle herken? Jehova lewe steeds. Jesus, dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid.

199 Ek ken jou nie, dame, jy's 'n vreemdeling vir my. Daar's iets op haar hart, sy bid vir iemand anders, wat 'n bejaarde vrou is, dis haar moeder, en haar moeder het verlamming, sy's 'n kreupel vrou. Jy's 'n prediker se vrou, en jy het ander op jou hart waarvoor jy bid. Moenie twyfel nie, hê geloof, jy sal ontvang waarvoor jy gevra het. Glo jy dit? God help jou dan. Gaan, en ontvang dit, my suster.

200 Goed. Die Here God ken ons albei, dame, ek ken jou nie, maar God ken ons wel. As Hy vir my sal sê waarvoor jy hier is, glo jy?

Sal die gehoor glo?

201 Ek sien 'n seun waaroor iemand bid, hy drink. Die dame net daar, daardie bejaarde dame, jy bid vir 'n seun van jou wat drink- . . . hy word dronk. Staan op jou voete net 'n oomblik, dame. Glo jy dat God daardie seun sou nugter maak, en hom huis toe stuur na jou toe, 'n Christen van hom maak?

202 Here God van die Hemel, ek bid vir daardie dierbare moeder en vir daardie seun, mag hy tot homself kom soos die verlore seun en terugkeer. In Jesus' Naam. Amen.

Moenie twyfel nie. "As jy kan glo!"

203 Het jou hoof gebuig gehad, aan die bid, hoë bloeddruk is niks vir God om te genees nie. Glo jy Hy sal dit doen, meneer? Glo dat God. . . ? Jy het toe jou hoof gebuig gehad en gebid, as dit reg is, wuif jou hand op soos *hierdie*. Goed. Ek ken jou nie, ken ek, meneer? God het jou nou genees. Gaan net, glo met jou hele hart, God sal dit vir jou gee.

204 Die klein, bleek, dametjie, (Dis die een met wie jy gepraat het, meneer.), om te vra vir genade, glo jy God kan daardie galblaasprobleem genees, jou gesond maak? Glo jy dit? Staan op jou voete. Jy weet jy voel anders, dis nou weg van jou af, kan op jou pad gaan en juig.

205 Jy's hier vir 'n baie goeie doel, jy vra God iets wat buitengewoon gaan wees, maar ek het die Here dit sien doen, selfs op jou ouderdom, wil jy steeds 'n baba hê. Jy was 'n moeder, maar nie deur jou eie, moeder van ander se kinders nie, stiefkinders, maar jy wil een van jou eie hê. Dis waarvoor Hanna na die tempel toe gekom het. Dis wat in jou gedagte was, dis waarvoor jy gebid het voor jy jou huis verlaat het.

206 Ek sien jou man, hy's 'n Italiaan, is hy nie? Hy's in die moeilikheid, hy het genesing op sy been nodig, op sy knieë, in sy arm. Dit is reg. Goed. Gaan glo dit nou, en jy kan kry waarvoor jy vra.

Glo jy met jou hele hart?

207 Sal jy nie graag weer wil eet en goed voel nie? Daardie maagprobleem is so erg, die senuweetoestand, dit het dit veroorsaak. Nou. . .

208 Daar's soveel daarvan daarbuite, ek kan nie eens sien wat is wat nie. Jy glo nou. 'n Geloof tref die gehoor. Laat ek julle wys wat ek bedoel, kyk, kyk hier: Hoeveel van julle daarbuite wat ly aan 'n senuweetoestand, steek julle hande op. Ek wil julle net wys. Amper tagtig persent van die gehoor. Elkeen van julle wat ly aan 'n senuweetoestand, staan net nou op julle voete net 'n oomblik. (Staan julle net hier.) Ek sal julle die heerlikheid van God wys, enige plek. Elke persoon gepla met 'n senuweetoestand, staan op jou voete.

Kom.

Bly net staan.

209 As God aan my sal openbaar, jong vrou, wat jou probleem is, sal jy glo met jou hele hart? As jy glo, sal jy nooit daardie operasie hoef te hê nie, God kan daardie gewas oplos, net so goed as wat jy kan wees. Glo jy dit, aanvaar dit?

210 Enigiemand wat ly aan gewas of vergroeisel, staan net nou op jou voete.

Kom gelowig.

211 Hare is ook senuweeagtigheid.

212 As God dit hier kan doen, kan God dit daar doen. Hoeveel is siek of het genesing daarbuite nodig wat net 'n oomblik op julle voete sal staan? Staan net 'n oomblik op.

213 Dit is so lewendig oor die gehoor! Glo jy dat ek Sy dienskneg is? Neem dan my woord. Die Heilige Gees het net die gebou heeltemal bedek, dit lyk net soos 'n melkwolk oral. Hierdie is die uur van julle genesing. Daar sal nie 'n swakke onder ons wees binne 'n paar minute as julle Hom net sal glo nie. Glo julle dit?

214 (Nou staan net hier vir jou genesing.) Maak nie saak wat jou probleem is nie, maak gereed, net nou, Christus het elkeen van julle genees. Is julle gereed om dit te aanvaar? Dan as Hy dit alreeds gedoen het, is daar een ding oor: Steek ons hande op en prys Hom daarvoor. Laat ons ons hande opsteek.

215 Here God, Skepper van Hemel en aarde, Outeur van Ewige Lewe, en Gewer van elke goeie gawe, ons spreek nou vloeke oor die duiwel uit, hy is verslaan, en ons vra genesing vir hierdie gehoor, net nou. In Jesus Christus' Naam, laat dit gedoen word.

216 Met julle hoofde nog gebuig, is julle bewus dat Jesus Christus, God se Seun, hier is? As jy is, en jy het jou ondervinding betwyfel, jy het nie die Heilige Gees nie, of jy's 'n sondaar, sal julle net nou hier opkom, reg in Sy Teenwoordigheid, net hier nou, reg rondom die altaar? Beweeg reguit uit en kom net 'n oomblik hier. Beweeg reg uit julle sitplek uit, kom reguit in die paadjie af en kom net 'n oomblik hier, staan reg rondom die altaar hier 'n oomblik vir gebed. Dis reg, soldaat, kom reguit aan, nou die res van julle. Kom reguit aan, beweeg nou reguit uit, reg uit julle sitplekke uit, reg af in die paadjie hier, elkeen.

217 Gee vir ons die akkoordjie op die . . . ja.

58-0510 Hê Geloof In God
Pittsfield Hoërskool
Pittsfield, Massachusetts V.S.A.

AFRIKAANS

©2026 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org